

Ontmoeting 2: JOHANNES DIE DOPER EN JESUS

Teks: Matt 1 en Luk 1-3

Ons stel die kinders bekend aan Johannes die Doper, Jesus se nefie, en wys dat Jesus en Johannes die Doper vriende was wat mekaar respekteer het.

Hulpmiddels:

- 1 stel afdrucke van die prentjies
- Genoeg afdrucke van die mannetjies wat hande vashou (sien patroon) vir die kinders
- Skêre, bruinpapiersakkie en swart koki
- Lyntjies papier, potlode, afvalpapier



WELKOM

Speletjies:

1. Speel 'n variasie op die speletjie "Krappe en Kraaie". Kinders word in 2 groepe ingedeel wat in 2 rye regoor mekaar staan met 2 meter spasie tussen in. Die een groep is die Springkane en die ander groep Spaghetti. Wanneer jy "Springkane" roep, moet die Springkane groep probeer om die Spaghetti groep te vang en anders om.
2. Druk 2 stelle van die prentjies uit en knip los van mekaar. Plaas onderstebo teen 'n plat oppervlak. Speel 'n geheue speletjie waartydens kinders individueel of as teenwoordigers van hul groep 2 kaartjies kan kom omdraai – as dit pasmaats is, kan hul punte of 'n klein prysie kry.
3. Jan de Wet se Lofliedjies 2 het 'n liedjie oor Jesus se doop wat julle hier kan sing.



WYDING

Stilwoord ritueel

Temalied: "Jesus be the center" met bewegings. (Julle is welkom om hierdie liedjie aan te leer en gereeld te sing. Bewegings en die liedjie is beskikbaar op ons webwerf.)

Gebedstyd: Gee kans vir "Popcorn" gebede. Staan bymekaar in 'n groepie en gee kans vir enigeen in die groep om een sinnetjie te bid. Dit kan 'n dankie wees, ietsie vra of net die Here loof. Wanneer dit stil raak, sluit die leier af.



WOORD

Verhaal gebaseer op Matt 1 en Luk 1-3. Die verhaal word vanuit die eerste persoon vertel - deur Johannes die Doper self. (Maak 'n Johannes poppie uit 'n bruin papiersakkie en hou dit in jou hand soos 'n handpop wat die storie vertel. Jy is welkom om die verhaal voor te lees terwyl jy die poppie met jou hand laat "praat", dit is nie nodig om dit te memoriseer nie.)

"Hallo julle, my naam is Johannes. Mense ken my as Johannes die Doper. My geboorte was 'n wonderwerk. My pa en ma was baie oud en kon nie kinders hê nie, maar 'n engel het aan my pa verskyn het om te vertel dat ek gebore gaan word. My pa, Sagaria, wou nie die

engel glo nie. Omdat hy nie die engel wou glo nie, kon hy praat tot na my geboorte nie. Toe ek 'n naam moes kry, het my pa die naam wat die engel gesê het op 'n bordjie geskryf. Hy kon toe weer praat en het vir almal vertel wat gebeur het. Van kleins af het ek 'n beste maatjie gehad. Regtig van kleinsaf, selfs van voor my geboorte af. My mamma, Elizabeth, vertel vir my dat toe my tannie daar kom kuier het, ek in haar maag beweeg het toe ek van die maatjie hoor. My maatjie se naam is Jesus en sy ma was Maria.

Ek was maar van altyd af "weird" en ek het nie baie maatjies gehad nie. Daarom was dit vir my baie spesiaal om 'n beste maatjie te kon hê. Vir 'n lang tyd het ek in die woestyn gaan bly en allerhande goed soos springkane en heuning geëet Ek het ook vreemd aangetrek. My klere was van kameelhare en ek het nie eers skoene gedra nie.

Ek het 'n spesiale boodskap gehad om vir mense te vertel. Dit was dat hulle hulle moes bekeer dat hulle sondes vergewe kan word en dat hulle hulle moet laat doop. 'n Groot getal mense het na my kom kyk en ek het baie van hulle sommer daar in die Jordaanrivier gedoop. Mense het gewonder of ek die Verlosser is wat al hulle swaarkry van hulle af sal wegneem, maar ek het hulle elke keer van my Vriend Jesus vertel wat baie belangriker is as ek – Hy is so spesiaal dat ek dink ek is nie eers goed genoeg om sy skoene vas te maak nie en SY doop sal baie kragtiger as myne wees.

Op 'n dag, terwyl ek nog so besig was om met mense te praat en party te doop, het Jesus daar aangekom. Ek was baie opgewonde en het vir die mense gesê: "Daar is die Lam van God wat die sondes van die wêreld wegneem!"

Ek was op die punt om op my knieë voor Hom neer te val en te vra dat Hy my sal doop, toe Hy my keer en sê: "Nee, jy moet my doop, want dit is God se wil." Dit was die grootste oomblik van my lewe. My beste maatjie – die Seun van God – het toegelaat dat ek Hom seën. Ek, die "weird" een, kon iets baie spesiaals vir Hom doen. Wat dit nog meer spesiaal gemaak het, was dat, toe Jesus uit die water kom, die Heilige Gees soos 'n duif uit die hemel op Hom kom daal het en 'n stem uit die hemel het gesê: "Dit is my Seun vir wie Ek baie lief is. Hy verskaf My baie vreugde!" Daarna het Jesus begin preek en wonders doen.

Die kinders dink oor die verhaal:

Ek wonder van watter deel van die verhaal het jy die meeste gehou.

Ek wonder watter deel van die verhaal dink jy is die belangrikste.

Ek wonder wie is jy in die verhaal.

Ek wonder waarom God wou hê hierdie verhaal in die Bybel moet wees.


Ek wonder op watter manier is Jesus ook jou Vriend.

Gee die groep 'n paar voorstelle:

- Miskien wil jy 'n brief vir Jesus skryf of 'n prentjie teken van hoe Jesus jou Vriend is.
- Dalk wil jy die mannetjies wat hande vashou soos vriende, uitknip en inkleur.
- Dalk wil jy iets anders doen of teken. Gebruik die tyd om dit te doen.

Opruim en Seëngroet

Vou 'n A4-papier in die helfte met die kort sye op mekaar en vou dit dan verder op dieselfde manier sodat daar 8 konsertina-voue langs mekaar is. Sit die patroon links bo op die gevoude dele en sny dit uit. Moenie knip waar stippellyne is nie. Vou oop, dan het jy 4 mannetjies wat hande vashou.



Johannes die Doper gemaak met 'n bruinpapiersak.





